menlo-insig

Insig 21/2025 - 8 Augustus 2025



Boodskap van die hoof

In 1979 reik Laurika Rauch haar debuutalbum uit. Een liedjie trek my aandag in die besonder:

"Vergeet om my te vergeet. Onthou om te onthou - om my te onthou..."

Verder sing sy van winteraande en die nostalgie van 'n kaggelvuur se kole. Hierdie tyd in die Menlo-jaar raak ons dikwels nostalgies. Terwyl die winter ten einde loop en die lente wink, verwelkom ons nuwe seisoene en herdenk ons dit wat reeds verby is... soos wat vanjaar se ses reünie-groepe wat by ons kom kuier, bevestig.

Baie welkom aan die matriekklasse van 10 - 60 jaar gelede! Ons sien uit na elke besoek. Dit was 'n voorreg om die klas van '95 verlede Vrydag te ontvang.

Namate die wintersporte (op hoë note) begin klaarmaak, sien ons opnuut uit na die somersporte (wat tans kliphard aan hul voorseisoenprogramme werk) se afskop.

Dit bly lekker om die Menlo-siklus jaar na jaar mee te maak. Van ons reüniegroepe hoor ek elke keer dieselfde refrein: "Ons sal vergeet om Die Hoërskool Menlopark te vergeet. Ons sal onthou om Die Hoërskool Menlopark te onthou!"

Teksvers vir 2025

Jesaja 43: 18 & 19

Maar moenie net aan die vroeëre dinge dink en by die verlede stilstaan nie. Kyk, ek gaan iets nuuts doen, dit staan op die punt om te gebeur, julle kan dit al sien kom; Ek maak in die woestyn 'n pad, Ek laat in die droë wêreld riviere ontspring.

Teksvers vir die kwartaal

Psalm 127

1. 'n Pelgrimslied. Van Salomo.
As die Here die huis nie bou nie, swoeg dié wat daaraan bou, tevergeefs. As die Here die stad nie beskerm nie, waak dié wat dit beskerm, tevergeefs. 2. Tevergeefs dat julle vroeg opstaan en laat gaan slaap om met moeite 'n bestaan te maak. Vir dié wat Hy liefhet, gee die Here dit in hulle slaap. 5. Sulke mense het niks te vrees as hulle met die vyand in die stadspoort onderhandel nie.

MENLO-KOMMUNIKASIE

DATUMS

25 Augustus	Voorbereidende eksamen begin: graad 12
30 Augustus	**Menlofees**
3 Oktober	Matriekafskeid
	Skool sluit

ALGEMEEN

1. **Menlobond vra 'n guns**

   Die Menlobond is op soek na foto's uit die skool se verlede en spesifiek van die skoolgeboue en –terrein uit die jare sestig en sewentig. Kontak me. Gisela Rolfes (menlobond@menlopark.co.za) indien u met hierdie projek behulpsaam kan wees.

2. **Parkie-proppieprojek**

   Onthou asseblief om alle plastiekdoppies skool toe te stuur.

3. **Menlo-ondersteunerstruie**

   Bestellings: sportsupplies@telkomsa.net
   Prys: R850.

4. **Menlo ma's wat bid**

   Ontmoet Donderdae om 07:30 in die koshuis se sitkamer. Kontak: 082 579 4968.

5. **Menlo pa's wat bid**

   Ontmoet elke tweede Vrydag om 06:00 in die Rugbyklubhuis. Kontak: 082 457 6526 of 071 159 779.

'n Brokkie Menlo-geskiedenis

Die Inisig het verlede week berig dat die Menloparkers in 1975 vir die eerste keer in vier nuwe sporthuise ingedeel is.

Kyk net hoe spoggerig lyk die Atheners, Trojane, Spartane en Milete van ouds.

Afrikaans: 100 jaar

Interessante woord: Kruim

Die binneste, sagte deel van 'n brood.

Ed-admin

Menlo-kode: 599649

Klik op u kind se profiel	• Learning & Behaviour: Inskrywings met betrekking tot u kind se gedrag. • Report Card • Attendance • Assessment • Communicate with staff: Kontakbesonderhede van u kind se onderwysers.
Calender	• Stem ooreen met die kalender in die Werkplan.
Documents: Parents	
Administrasie	• Uittekenprosedure
Akademie	• Toets- en eksamenrooster • Ekstra klasse: Wiskunde en FW
Finansies	• Menlo-rekeningbesonderhede • MySchool & Boost Procurement
Fotobestellings	
Insig	• Tariefkaart
Kleure en erekleure	• Dra van balkies • Prosedure vir die toekenning van kleure en erekleure
Kommunikasie	• Graadhoofde • Menlo-kommunikasiekanale • WhatsApp-kanale (voorlopig)
Menlo-ouers wat omgee	• Menlo-ouers wat bid
Omsendbriewe	
Parkieraadprojekte	• Parkieraad-planne: Proppieprojek
Perioderoosters	
Skooldrag, klerebank & sportwinkel	• Menlo-klerebank • Menlo-skooldrag • Menlo-sportwinkel
Sosiale kalender	• Prestigedinee & wynveiling

Matriekraad 2026

Dogters

Aimee Swanepoel

Anja Steidler

Anke Erasmus

Carlia Potgieter

Chené Niemand

Ciana Kruger

Clara Serfontein

Fabiénne Wiid

Hildegard Havenga

Isabella Cloete

Izel de Beer

Izelee Erasmus

Jayde Gruen

Kathleen van Rooyen

Kayli Lombard

Láne Fouché

Lauren Malan

Leandri Botha

Lente Swanepoel

Lisa Pretorius

Livvy Pienaar

Loané Prinsloo

Mia Collins

Mia de Waal

Michelle Botha

Mikyla Zastrau

Mila Lombard

Nica Thuynsma

Nina Davel

Nina Dicks

Reeze Zeuner

Talita Lubbe

Zanté Uys

Zoe Louw

Matriekraad 2026

Seuns

Aidan Dicks

Benjemin Schoeman

Brian Makamu

Christoff Breet

Christopher Niemann

Dawid van den Heever

De Wet Holtzhausen

Erik Senekal

Franco du Plooy

George van der Westhuizen

Jaap Stolp

Jannes Eksteen

Jean du Plessis

Jody Abrahams

Jordan Botha

Juan Joubert

Keenan Bam

Le Roux van Wyk

Liam de Koning

Louis Erasmus

Luan Visser

Ludwig van Ginkel

Luka Smit

Luke du Plessis

Monré Koekemoer

Murray Hofmeyr

O'Neill Visser

Rian Knoesen

Ruwan Smith

Sihle Mabona

SJ Kemp

Stefan Jansen van Vuuren

Willie Pieterse

Xander Smith

AKADEMIE

KWARTAAL 2: TOP-20-LEERDERS

GRAAD 8

20. Jacobus Niemandt, 19. Jean-Paul Fourie, 18. Nadine Kruger, 17. Milan Breet, 16. Christiaan Koekemoer, 15. Anzell van Lingen, 14. Pedri du Randt, 13. Abigail Prinsloo, 12. Esjee van Heerden, 11. Lara Hofmeyr, 8. Jacques van Heerden, Anabelle McIntyre & Clara Blignaut, 7. Luzanne Coetzee, 6. Lené Meiring, 5. Emily de Jager, 4. Jesse Naidoo, 3. Liam Senekal, 2. Keilah Visser, 1. Lana Swanepoel (94.94%).

GRAAD 9

20. Libby Pienaar, 19. Clarisé van Niekerk, 18. Raine Smit, 17. Reinhard Langenhoven, 16. Mari Coetzee, 15. Vené Eloff, 14. Heinz Kunzmann, 13. Jacques Malan, 12. Nika Pienaar, 11. Janelle Kirkpatrick, 10. Lize Coetzee, 9. Leila du Plessis, 8. Leané Gerber, 7. Bernhard Bohmer, 6. Heinrich Coertze, 5. Jaco Aldum, 4. Ava van der Linde, 3. Ruan Nieuwenhuys, 2. Divan Heyl, 1. Zea de Villiers (94.45%).

GRAAD 10

20. Selie de Villiers, 19. Conrad Ehlers, 18. Alexi Olivier, 17. Clarabelle Haasbroek, 16. Rosalie Louw, 15. Luané Erasmus, 14. Annika Bohmer, 13. Stehan Serfontein, 12. Simoné Spies, 11. Ockert Blom, 10. Nicole Enslin, 9. Kendra van Dijk, 8. Ethan Steenkamp, 7. Markus de Jager, 6. Daniel Slabbert, 5. Talia Jonker, 4. Milan Visser, 3. Gisele Geldenhuys, 2. Liané de Wet, 1. Adri de Beer (96.27%).

GRAAD 11

20. Liam de Koning, 19. Hesten Roetz, 18. Chanté le Roux, 17. Xander Smith, 16. Corlise Potgieter, 15. Karla van Rooyen, 14. Inge Higgins, 13. Ciana Kruger, 12. Lente Swanepoel, 11. Le Roux van Wyk, 10. Enya Pretorius, 9. Milé Swanepoel, 8. Xanté Strauss, 7. Rian Knoesen, 6. Luka Smit, 5. Clara Serfontein, 4. Nicholas Pretorius, 3. Livvy Pienaar, 2. Luan Visser, 1. Erik Senekal (97.19%).

GRAAD 12

20. Marli Smith, 19. Ané Prinsloo, 18. Lené Roos, 17. Madia van der Westhuizen, 16. Isabeau van Helsdingen, 15. David Kunzmann, 14. Megan Johnson, 13. Elzette Fouche, 12. Selmé Beetge, 11. Mila Stander, 10. Deané van Zyl, 9. Ryan Hill, 8. Wihan Vermeulen, 7. Andries Beyers, 6. Gerhard Mahne, 5. Elsjé Groenewald, 4. Melike Spies, 3. Jasper Smit, 2. Chenay de Jager, 1. Wilna Beetge (95.34%).

AKADEMIE

SUPER 6-UITDAGING: PROBLEEM, GEEN PROBLEEM!

Die Hoërskool Menlopark was verlede week in die bevoorregte posisie om 192 van die omgewing se slimste graadsesse op Menlo-bodem te verwelkom. Die rede vir hierdie Super 6-byeenkoms was weliswaar nie 'n simposium oor kunsmatige intelligensie nie, maar 'n samekoms waar ware intelligensie, hope pret, spanwerk en allerlei interessante uitdagings gekombineer is om te bepaal wie vanjaar se Super 6-kroon sal dra. In die proses is die innoveerders van die toekoms 'n blaaskans van die boeke gegun en kon hulle hulle akademiese kennis op 'n genotvolle manier toepas.

Die dag het vir die meeste van die Super 6-sterre met 'n rit op Pretoria se Pers Bus afgeskop waarna daar gedissekteer, getel, geantisipeer, gelag, gesing en selfs gedans is. Teen die einde van die dag is die volgende gevolgtrekkings gemaak:

- #myplekismenlo
- Die Parkieraad en nuutverkose Matriekraad het onomwonde bewys dat die Menlo-bodem die ideale teelaarde vir ywer, entoesiasme, groot gees en samewerking is.
- Die toekoms is veilig, want die SuperSesse is vir enige uitdaging gereed.

Die skool rig graag 'n woord van dank aan die personeel, en in die besonder aan me. Hannaliza Fechter, die Parkieraad, Matriekraad en hulle voogde asook die laerskole se Super 6-organiseerders en die slimkoppe se ouers. Dit was 'n voorreg om hierdie besoekers in ons midde te verwelkom.

Uitslae

1 Laerskool Lynnwood (Blou)
2 Laerskool Hennopspark (Blou)
3 Laerskool Menlopark (Blou)

(32 spanne van 18 laerskole het aan die uitdaging deelgeneem en die res van die spanne was almal net-net vierde.)

VERRYKINGSAKADEMIE

OUD-MENLOPARKER INSPIREER MET WOORD EN DAAD

Charné du Plessis (née Swart) is 'n oud-Menloparker (Klas van 2020) en slegs die sesde Suid-Afrikaanse vrou wat daarin kon slaag om die 800 m in minder as twee minute af te lê. Benewens die puik prestasies wat sy op die baan behaal, is Charné ook 'n mediese student in haar vyfde jaar.

Haar storie getuig van harde werk en vasberadenheid, want hierdie talentvolle atleet was nooit in 'n interhoërspan nie. Charné het die Parkies aangemoedig om 'n balans tussen studies, sport en die lewe te vind en sy het die waarde van 'n goeie ondersteuningsnetwerk beklemtoon. Daarby het Charné die Menloparkers herinner dat skool 'n beginpunt en nie 'n eindpunt is nie.

Op julle merke, Menlopark!

KLAS VAN '95 HOU REÜNIE

Dit was voorwaar 'n voorreg om die Klas van '95 verlede week op Menlo-bodem te verwelkom om saam met hulle in 'n paar *dit-voel-soos-gister-oomblikke* te deel.

Dit is 'n splinternuwe tradisie om 'n bankie aan die skool te skenk en die groep het nie op hulle laat wag nie. Besoek gerus die Menlobond se **webwerf** om meer oor die bankieprojek te lees of kontak die Menlobond vir enige navrae oor Menlo-alumni of reünies.

#myplekismenlo

KULTUUR

KOOR: MENLO IS DIE BESTE GEMENGDE KOOR IN DIE LAND

NASIONALE FINAAL: ATKV-APPLOUS

Die ATKV-Applouskompetisie word allerweë as die nasionale koorkampioenskap beskou. Pretoria en die Moederstad huisves die eindronde al om die beurt en vanjaar het die ZK Matthews-saal as gasheer vir die koorskouspel opgetree.

Na afloop van die aand het sake in die afdeling vir prestige gemengde kore soos volg gestaan:

Die Hoërskool Menlopark	90.15%	Cum laude	Nasionale koorkampioen

Hartlik geluk aan elke koorlid, me. Jeanmari van Papendorp (koorleier) en me. Betsie Schaap (begeleier) met hierdie uitsonderlike prestasie. Die koorkomitee, ouers en koorpersoneel verdien ‘n veer in die hoed vir hulle aandeel aan die koor se sukses. Hierdie prestasie getuig van toewyding en vasberadenheid. Geniet die oomblik!

KULTUUR

REVUE: STEM VAN HOOP WEERKLINK BINNEKORT OP MENLO-BODEM

KALEIDOSKOOP-KOMPETISIE

Die revuegroep is met vlieënde vaandels na die volgende rondte van dié kompetisie deur. Moenie die geleentheid om Menlo se kaleidoskoop van talent op eie bodem in aksie te sien, misloop nie. Bespreek vandag nog jou kaartjies in I1.

KULTUUR

REDENAARS:
PARKIES BEHAAL TWEE TWEEDE PLEKKE BY LANDSFINAAL

NASIONALE FINAAL: ATKV-REDENAARS

Nes die ATKV-Applouskompetisie word die ATKV-redenaarskompetisie ook as ‘n nasionale kampioenskap beskou. Vier Menloparkers, Lara Moolman, Leané Gerber, Le Roux van Wyk en Rian Knoesen, was vandeesweek by ATKV-Goudini in aksie om te wys hoe ver Menloparkers se veelsydigheid strek.

Nadat duisende redenaars se woorde geweeg is, is daar bevind dat Leané Gerber en Le Roux van Wyk se stemme genoeg gewig dra en is beide van hulle met ‘n tweede plek beloon.

Leané en Le Roux het albei in die voorbereide afdeling deelgeneem—Leané as ‘n junior (gr. 8 –9) en le Roux as ‘n senior (gr. 10—12).

Hartlik geluk met ‘n uitsonderlike prestasie!

KULTUUR

DRAMA & TONEEL:
MENLO-AKTEURS BETOWER



CENTURION KUNSTEFEES, PRETORIA EISTEDDFOD & PIERNEEFTEATER KUNSTEFEES

Menlo-toneel

Die Uitnodiging	Centurion Kunstefees	A⁺
	Pretoria Eisteddfod	A⁺⁺

Chanté le Roux ontvang 'n spesiale toekenning by die eiteddfod vir haar meesterlike spel.

Menlo-dramaklub

Die Pierneef Kunstefees lewer 8 A-simbole, 17 A⁺-simbole , 6 A⁺⁺-simbole en 'n handvol Menlo-kategoriewenners. Baie geluk aan die volgende woord– en stemkunstenaars wat as kategoriewenners aangewys is:

Keilah Visser	Improvisasie
Gabrielle van Rensburg	Improvisasie
Jane van Heerden	Monoloog
Lana Swanepoel	Monoloog



Pretoria se eisteddfod het die Parkies eweneens goed behandel:

4 A-simbole 12 A⁺⁺-simbole	14 A⁺-simbole

Drie kategoriewenners:

Zante Bothma & Mieke Wasserman	Samespraak
Gabrielle Mokrane	Monoloog

Individuele prestasies

Wehann Snyman	A⁺-simbool
	6 A⁺⁺-simbole
	5 x kategoriewenner
	Algehele wenner: Pierneef Kunstefees (monoloog)

** Individuele deelnemers word daaraan herinner om hulle uitslae aan me. Dené Kruger (dene.kruger@menlopark.co.za) te e-pos.*

ATKV-TIENERTONEEL, ALLEGRETTO TONEELFEES EN PRONK PODIUM

Die gordyn lig binnekort vir hierdie toneelfeeste. Sterkte aan Menlo se drie tonele: Karma se speletjie, Kotie & Van Dyk.

Volg gerus die skakels om hierdie meesterstukke te siene te kry: **ATKV-Tienertoneel** & **Allegretto**.

SPORT

BERGFIETS

UITSLAE: DERBY (30 JULIE 2025)

Subjunior seuns	
LJ van der Westhuizen	1ste
Neil Botha	2de
Junior 15-seuns	
Wihann Schalekamp	2de
Junior 15-dogters	
Melinda Erasmus	2de
Junior 16-seuns	
Jaco Aldum	1ste
Gustav vd Werff	2de
Junior 16-dogters	
Katrijn Botha	1ste
Zelia Küsel	2de
Junior 17-dogters	
Caitlin Read	3de
Junior 18-seuns	
Stephan Aldum	1ste
Junior 18-dogters	
Arielle Behr	1ste

SPORT

RUITERSPORT

DEELNAME: GAUTENG-KERNLIGASTREEKSFINAAL

Die volgende Menlo-ruiters het verlede naweek aan Sanesa Gauteng se Kernligastreeksfinaal deelgeneem:

Annebelle Botha	Annebell Pienaar	Nina Prinsloo	Lize van Ettinger	Milan Brink
Libby Pienaar	Lize Coetzee	Paige Durrant	Amelia Smit	Anika de Souza
Micaela Cloete	Roi Fourie			

UITSLAE: GAUTENG-KERNLIGASTREEKSFINAAL (TOP-10-PLEKKE)

Anika de Souza	Showjumping 70 cm (Horse)	5de
Micaela Cloete	Showjumping 70 cm (Pony; twee klasse)	4de en 8ste
Lize Coetzee	In hand Utility	1ste
	Showjumping 90 cm (Pony; twee klasse)	3de
	Equitation 70 cm	3de
	Working riding	8ste
Nina Prinsloo	Performance Riding	6de; 8ste en 10de
Annebell Botha	Hunter 70 cm	9de
	Working riding	5de
Paige Durrant	Dressage	3de en 6de
	Prix Caprilli (twee klasse)	5de

Baie geluk aan Leah de Witt wat vir Gauteng se uithouritspan sal diens doen.

SPORT

NETBAL: UITSLAE DOEN PRAATWERK

UITSLAE: SA KAMPIOENSKAP

O. 14A	Beste span in Suid-Afrika
O. 17A	Vyfde beste span in Suid-Afrika
O. 19A	Beste span in Suid-Afrika

Daar is eenvoudig nie woorde om te beskryf hoe trots die skool op die netbaldogters is nie. Dit is 'n uitsonderlike prestasie om nasionale kampioene te wees. Die skool is dankbaar vir vasberade spelers, toegewyde afrigters en ondersteunende ouers.

O. 17A-span: 5DE IN SA

Afrigter Me. Taila Loock Spanbestuurder Me. Isandri Liversage

Shay Nel

Kayli Lombard

Izel de Beer

Mila Lombard

Claudia Pienaar

Annabelle Erwee

Zanél van Breda

Chené Niemand

Suzaan Muller

O. 14A-span: SA KAMPIOENE

Afrigter Mnr. Manny Ferreira Spanbestuurder Me. Charné Barnard

Leanie van Biljon

Amike van Biljon

Chenique van Staden

Lua Coetzee

Mieke Nolte

Zanie van Rooyen

Katelin Robinson

Khloé Grant

Chenique Esterhuyse

SPORT

HOKKIE: SKOTE PETOORS, MENLO!

UITSLAE (DOGTERS)

FRIENDSHIP CUP (O. 14A): TWEEDE

vs. Garsfontein: 1-0 vs. Parktown: 3-0 vs. St Mary's Waverly: 0-1

vs. Linden: 2-0 vs. Noordheuwel: 1-0 vs. AHMP: 1-1

vs. Waterkloof: Waterkloof wen (agt sekondes)

FRIENDSHIP CUP (O. 15): EERSTE

vs. Linden: 3-0 vs. Parktown: 0-0 vs. Garsfontein: 0-0

vs. Monument: 1-0 vs. Garsfontein: 1-0 vs. Waterkloof: 2-1

vs. Noordheuwel: 2-1

PULLEN & HOWELL CUP (O. 16): EERSTE

vs. Noordheuwel: 2-0 vs. St Mary's: 1-0 vs. St Stithians: 2-2

vs. Waterkloof: 1-0

UITSLAE (SEUNS)

Menlo vs. Zwartkop (vriendskaplik)

14A: 0-0 14B: 9-0 16A: 2-0 16B: 1-0 Eerstes: 2-4 Tweedes: 4-0

SPORT

RUGBY: MENLO-EERSTES BEHAAL MONUMENTALE OORWINNING

UITSLAE: MENLO VS. MONUMENT

O. 14A: 14-56	O. 14B: 10-7	O. 14C: 19-14	
O. 15A: 3-13	O. 15B: 13-15	O.15C: 3-61	
O. 16A: 20-23	O. 16B: 24-17	O. 16C: 0-46	
O. 19A: 39-37	O. 19B: 41-26	O. 19C: 8-6	O. 19D: 100-22

GHOLF: MENLO-EERSTES VEROWER SILWER BY GolfRSA SE SA'S

SA KAMPIOENSKAP: MIDDELBURG

Jean le Roux, Heino Oellermann, Ewan Vlok en Schalk van Ettinger is vandeesweek as die tweede beste gholfspan in die republiek aangewys. Die span, met murg in hulle pype en yster in hulle are, het puik spel opgedis om die aanslae van die opponente af te weer. Baie geluk aan die viertal asook hulle afrigter, mnr. Nico van Eeden.

1. Paul Roos Gimnasium
2. Die Hoërskool Menlopark
3. Hoërskool Waterkloof
4. Afrikaanse Hoër Seunskool

PRESTASIES BUITE SKOOLVERBAND

PARKIE VEROWER MEDALJES OP INTERNASIONALE DANSVERHOOG

DANCE WORLD CUP (SPANJE)

Ilané Hattingh

Commercial Hip Hop	7de
Akro-dans	12de
Jazz	13de
Hip Hop (6 crews)	1ste
Children Street Dance	2nd Vice World Champion (brons)
6 Hip Hop Crews	Children Commercial Group World Champions
5 crews	3 x Vice World Champion
	2 X 2nd Vice World Champion

TERREIN

OP SOEK NA LAFENIS? #myplekismenlo



DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS
Menlo-koor
OUDISIES
VRYDAG, 22 AUGUSTUS
13:30 – 17:00
SATERDAG, 23 AUGUSTUS
08:30 – 12:00
MENLO-MUSIEKGEBOU
Bespreek jou plek: jeanmari.vanpapendorp@menlopark.co.za

DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS
MENLOFEES
30 Augustus 2025
14:00 – 23:00
Bespreek nou!
Jan Jan Jan
Spoegwolf
Kom wees deel en kuier saam!
BESPREEK JOU KAARTJIES NOU BY
iTickets

ONDERSTEUN ONS PARKIE-ENTREPRENEURS

MARKPLEIN

EXCELSA PETAMUS

MENLOBOND

ALUMNI & VRIENDE VAN MENLO

LYNNWOOD
PADEL PARK



NOORDELIKE HELPMEKAAR STUDIEFONDS
ONS HELP MET JOU STUDIELENING

Bekostigbare STUDIELENINGS vir TERSIÊRE ONDERRIG in Suid-Afrika

NHS BIED DIE VOLGENDE:

Tydens die studietydperk

- R80 000 per jaar vir die volle tydperk
- Prima minus 3 % rentekoers
- Slegs rente word maandeliks betaal

Na die studietydperk

Na voltooiing van studie word kapitaal plus rente teen die primakoers betaal.

- Lener kry 2 jaar vir elke jaar van lening om terug te betaal
- Tydens internskap of gemeenskapsdiens betaal lener slegs rente teen Prima minus 3 %.

KONTAK ONS

(011) 782 9160

admin@nhsfonds.co.za

noordelikehelpmekaarstudiefonds.org





INSIG-REKLAME

Wil u graag in die Insig adverteer?

Volg die skakel vir meer inligting.